UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# DEPARTEMENTELE ETIEKSIFTINGSKOMITEE (DESK) RIGLYNE

**Sep. 2012**

## DOEL VAN DIE DEPARTEMENTELE ETIEKSIFTINGSPROSES

**Die primêre doel van die DESK-vraelys en -proses is om te verseker dat alle navorsers die etiese implikasies van hul navorsing deeglik in oorweging neem.** Die vraelys dien as 'n heuristiese hulpmiddel (met ander woorde 'n riglyn) waarmee navorsers die potensiële etiese risiko's verbonde aan hul navorsing kan beoordeel. Die klem behoort te val op 'n eerlike en kritiese besinning en beraadslaging oor die risiko van enige onregverdigbare negatiewe impak op deelnemers en ander belanghebbendes wat by die navorsing betrokke is, en nie op die invul van die vraelys as 'n blote burokratiese vereiste nie.

Maar, omdat slegs matige- en hoërisikonavorsing volgens die ter sake vereistes die volledige NEK-goedkeuringsproses moet deurgaan voordat die navorsing kan begin, is dit belangrik dat die DESK-proses die aanvang van die meerderheid navorsingsprojekte sonder onnodige vertraging moet fasiliteer.

## OPSOMMING VAN DESK-PROSES SOOS GOEDGEKEUR DEUR DIE NAVORSINGSETIEKKOMITEE (SENAAT) IN MEI 2012

1. **Alle** projekte vir graaddoeleindes waarby mense, instellings, organisasies of gemeenskappe/groepe betrokke is, en wat die navorser reken lae of matige risiko inhou, moet aan die DESK vir beoordeling voorgelê word.
2. Die NEK sal slegs matige- of hoërisikoprojekte aanvaar wat nie vooraf deur die DESK beoordeel is nie as die navorsing nie vir graaddoeleindes uitgevoer word nie (bv. as dit voorgelê word deur 'n US-personeellid of ander navorser wat aan die US verbonde is), as die aansoeker reken dit hou matige tot hoë risiko in, en as dit deur 'n proses wat deur die betrokke departement goedgekeur is gaan. 'n Departement kan byvoorbeeld besluit dat die DESK álle navorsing moet beoordeel, ongeag die status van die aansoeker.
3. Navorsing wat minimale of lae risiko inhou, word deur die DESK beoordeel en goedgekeur. Die DESK mag byvoorbeeld versoek dat die aansoeker sekere veranderinge aan die projek of ingeligtetoestemmingsvorm moet aanbring, en dan 'n geskikte proses voorskryf om seker te maak dat hierdie veranderinge wel aangebring word, voordat die projek onderneem word.
4. **DIE NAVORSER MAG BEGIN MET 'N MINIMALERISIKO- OF LAERISIKOPROJEK WAT DEUR DIE DESK GOEDGEKEUR IS.**
5. Matige- en hoërisikonavorsing word na die DESK se goeddunke óf direk óf nadat die aansoeker sekere veranderinge moes aanbring, na die NEK verwys vir 'n volledige NEK-beoordeling volgens die standaard NEK-prosesse.
6. Sodra die DESK die projek goedgekeur het (minimale- en laerisikoprojekte), word die ingevulde en getekende DESK-vorm aan die NEK voorgelê tesame met 'n afskrif van die navorsingsprotokol en ander tersaaklike dokumente.
7. Die dokumente word deur 'n wisselende subkomitee van die NEK beoordeel, byvoorbeeld die voorsitter en een NEK-lid.
8. **DIE DESK SE GOEDKEURING WORD BEKRAGTIG TYDENS 'N NEK-VERGADERING ('N LYS PROJEKTE VERSKYN OP DIE AGENDA) EN DIE NEK REIK 'N FINALE GOEDKEURINGSBRIEF UIT.**

9. Die NEK behou die reg voor om die DESK se goedkeuring op te skort, en veranderinge of verduidelikings aan te vra. Indien dit ’n geringe saak is, kan die beoordelaar bykomende inligting of veranderinge aanvra, sonder dat die DESK-goedkeuring opgeskort word. Indien die probleem egter as meer beduidend beskou word, sal die DESK-goedkeuring opgeskort word. Die aansoeker sal in kennis gestel word dat die projek by die volgende NEK-vergadering weer voorgelê sal word. Die NEK-kantoor sal ’n aansoekvorm (indien een nie ingedien is nie), asook enige uitstaande dokumente aanvra.

**BYKOMENDE PUNTE VAN BELANG**

1. **Alle** navorsing waarby mense, instellings, organisasies of gemeenskappe/groepe betrokke is, moet etiese klaring kry.
2. Die departementele proses vir die etieksifting van navorsingsvoorstelle behoort deel uit te maak van die goedkeuringsproses van navorsingsvoorstelle aan die hand van hul wetenskaplike integriteit en nougesetheid.
3. Navorsers, onder leiding van hul studieleiers, waar van toepassing, dra die hoofverantwoordelikheid om te verseker dat navorsing wat op hul onderskeie vakgebiede uitgevoer word, metodologies nougeset is en voldoen aan die riglyne van tersaaklike beroepsliggame en vakkundige organisasies, sowel as tersaaklike wetgewing en institusionele, nasionale en internasionale etiekriglyne.
4. Departemente behoort ’n vinnige omkeertyd in die verwerking van departementele etiekvraelyste te handhaaf, en moet werk volgens ’n tydrooster wat behoorlik met die voorlegging van aansoeke by die NEK gekoördineer is.
5. Departemente word aangemoedig om navorsers en studieleiers by die DESK se beraadslaging en/of terugvoer te betrek, ten einde bewustheid, insig en geleenthede vir die bespreking van navorsingsetiekkwessies aan te moedig. Daarom, sodra die aanvanklike DESK-proses voltooi is, mag die DESK die navorser versoek om sekere veranderinge aan die projek aan te bring (byvoorbeeld, om die ingeligtetoestemmingsvorm te wysig). Dit is die DESK se verantwoordelikheid om seker te maak dat alle wysigings, verduidelikings of verbeteringe afgehandel is, voordat daar met die projek begin word, OF voordat die projek na die NEK verwys word (indien verwysing nodig is).

**KATEGORISERING VAN RISIKO’S**

NB: Die konsep ‘risiko’ is hoofsaaklik van toepassing op die potensiële risiko waaraan die mense wat aan die navorsing deelneem, blootgestel word. Sekere navorsingsprojekte kan egter ook potensiële risiko’s vir die navorser of navorsingspan, die akademiese departement en/of die instelling inhou. Sodanige risiko’s moet ook in aanmerking geneem word wanneer die oorhoofse risikovlak van ’n projek oorweeg word.

| **RISIKO-KATEGORIE** | **DEFINISIE** | **VERDUIDELIKING EN/OF VOORBEELDE** |
|---|---|---|
| **MINIMALE RISIKO** | Die waarskynlikheid of omvang van die skade of ongemak wat tydens die navorsing verwag word, is nie groter as wat gewoonlik in die daaglikse lewe ervaar word nie.<br>(Die konsep ‘daaglikse lewe’, wat as maatstaf gebruik word, verwys na die daaglikse lewe soos ervaar deur die gemiddelde persoon wat in ’n veilige, ‘eerstewêreldse’ land woon.) | • Die navorsing behels die ontleding van bestaande statistiek, asook literatuur, dokumente en inligting in openbare besit, byvoorbeeld in openbare biblioteke, openbare argiewe, op webwerwe, koerante of nuusbriewe. (Navorsing uit bogenoemde bronne word oor die algemeen nie as ‘navorsing met menslike subjekte’ beskou nie.)<br>• Marknavorsing wat met behulp van opnames gedoen word<br><br>NB: Nie alle inligting in openbare besit tel onder ‘minimale risiko’ nie. Byvoorbeeld: sommige navorsingsondersoeke word onderneem deur sosiale media soos twiets of Facebook-profiele te gebruik en kan ’n matige risiko inhou, na gelang van wat die navorsingsvraag behels. |
| **LAE RISIKO** | Navorsing waar die risiko na verwagting slegs een van ongemak of ongerief is. | • Hoofsaaklik onomstrede onderwerpe sal tydens die navorsing ondersoek word deur middel van onderhoude, opnames en waarnemings<br>• Die deelnemers is volwassenes en word nie as ’n |

| | | |
|---|---|---|
| | | kwesbare navorsingspopulasie beskou nie (Kinders word gewoonlik as 'n kwesbare navorsingspopulasie beskou, maar hierdie reël geld nie onvoorwaardelik nie en sekere projekte waarby kinders betrokke is, mag ook as 'lae risiko' beskou word; DESK moet evalueer.)<br>• Tydens die navorsing sal inligting ingesamel word wat oor die algemeen as nie-sensitief beskou word, byvoorbeeld 'n mening eerder as persoonlike inligting<br>• Die inligting kan gewoonlik op anonieme wyse ingesamel word[1] |
| **MATIGE RISIKO** | Navorsing waar 'n potensiële risiko bestaan dat nadeel of ongemak veroorsaak kan word, maar waar toepaslike stappe geneem kan word om die algehele risiko te beperk of te verminder. | Een of meer van die volgende geld:<br>• Die navorsingsonderwerp is 'sensitief'<br>• Die inligting wat ingesamel word, is persoonlik eerder as net 'n mening of houding, of 'n kombinasie van albei<br>• Die inligting kan nie anoniem ingesamel word nie, maar verg identifiserende inligting (naam, studentenommer, ens.)<br>• Die navorsingsdeelnemers kom dalk uit 'n kwesbare of gemarginaliseerde groep, byvoorbeeld mense met gestremdhede, mense wat met MIV of ander chroniese siektes leef, mense wat op ekonomiese of opvoedkundige gebied benadeel is, ensovoorts |
| **HOË RISIKO** | Navorsing waar 'n werklike en verwagte risiko van nadeel en ongemak bestaan, en wat 'n erg ongunstige gevolg kan hê, indien dit nie verantwoordelik hanteer word nie. | Een of meer van die volgende geld:<br>• Die navorsing handel oor hoogs sensitiewe onderwerpe en/of besonder kwesbare en gemarginaliseerde persone of gemeenskappe.<br>• Die navorsing vereis dat deelnemers aan die projek mislei word<br>• Die navorsing ondersoek onwettige aktiwiteite, of betrek deelnemers wat onwettige immigrante is of by onwettige bedrywighede betrokke is<br>• Deur in te stem om aan die navorsing deel te neem, sal mense heel waarskynlik 'n wesentlike risiko loop om benadeel te word<br>• Inligting wat uit die navorsing aan die lig kom, kan daartoe lei dat die navorser die risiko loop om die wet te oortree, byvoorbeeld navorsing oor bendeaktiwiteite en die besit van onwettige vuurwapens<br>• Die navorsing mag inligting blootlê wat optrede deur die navorser vereis waardeur die deelnemer of ander mense aan gevaar blootgestel kan word, byvoorbeeld navorsing oor kinderslagoffers van fisieke of seksuele mishandeling, slagoffers van huishoudelike geweld, ensovoorts |

[1]Let asseblief op na die volgende: "'n Respondent mag as anoniem beskou word wanneer die navorser nie 'n gegewe antwoord met 'n gegewe respondent kan verbind nie. Dit beteken dat 'n respondent waarmee 'n onderhoud gevoer word, nooit as anoniem beskou kan word nie omdat die onderhoudvoerder die inligting van 'n respondent wat uitgeken kan word, verkry het. 'n Voorbeeld van anonimiteit is 'n opname wat deur die pos

gedoen word waar geen identiteitsnommers op die vraelys aangebring word voordat dit na die navorsingskantoor teruggestuur word nie" (vertaal uit Babbie & Mouton, 2001).